

Moenie traag wees om te leer nie (OP89)

Heb 5:11-6:3

15 Mei 2022

Die afgelope paar weke het ons in Heb 4:14-5:10 baie geleer van die Seun as ons Hoëpriester: Ons het gesien Hy is ons groot Hoëpriester, Jesus, die Seun van God. Ons het ook gesien Hy het volmaak voldoen aan al die voorskrifte vir 'n Hoëpriester: Hy is deur God self aangestel as Hoëpriester vir die wat aan God behoort. Hy het mens geword. Hy het ter wille van mense opgetree – tydens Sy lewe hier op aarde het Hy gebede en smekinge aan God geoffer met uitroep en tranes omdat Hy onder die indruk was dat Hy die Een is wat versoening moes bewerk vir al hulle sondes. Hy was egter gehoorsaam aan Sy Vader se verwagting van Hom as Hoëpriester – selfs tot in die dood toe, en so het Hy die Bewerker van die ewige saligheid geword. Boonop het ons gesien Hy is deur God verklaar tot Hoëpriester volgens die priesterorde van Melgisedek.

Noodsaak vir 'n onderbreking in beskrywing van die Seun as Hoëpriester

Dit is juis hierdie laaste stelling wat aanleiding gegee het daartoe dat die Hebreërskrywer sy beskrywing van die Seun as Hoëpriester op hierdie stadium onderbreek. In beide Heb 5:6 en 10 het hy verwys na die feit dat die Seun Hoëpriester is volgens die priesterorde van Melgisedek. Hy het egter geen detail gegee oor wat dit beteken nie. As jy sou aanblaai na Heb 7:1 dan sien jy dat die skrywer daar terugkeer na Melgisedek, en dit dan wel in meer detail beredeneer. Daar is dus 'n onderbreking vanaf Heb 5:11-6:20. In Heb 5:11 verduidelik die skrywer hoekom hierdie onderbreking nodig is. Lees Heb 5:11. Die punt van die skrywer is dat hy baie te sê het oor die feit dat die Seun Hoëpriester is volgens die priesterorde van Melgisedek. Maar hy het 'n probleem: Dit is vir hom moeilik om dit aan die Hebreërs te verduidelik. Die probleem is nie dat dit 'n komplekse onderwerp is en dus moeilik is om te verduidelik nie, die probleem is nie gebrekkige vermoë van die skrywer om die onderwerp te verduidelik nie – nee die probleem lê by die lesers: Hulle is so traag om te leer (NAV). Die OAV sê hulle het traag geword om te leer. Ek glo dit is duidelik wat dit beteken om traag te wees om te leer. Dit beteken nie dat die vermoë om te leer, ontbreek nie. Nee, wat ontbreek is die ywer om te leer – die lesers is nie leergierig nie, hulle het nie 'n honger om te leer nie. Hulle is traag om te leer. Om hulle te leer is moeisaam – dit is moeilik, oftewel swaar – soos die OAV dit stel.

In verse 12-14 verduidelik die skrywer hoekom hy oortuig is hulle is traag om te leer. Aan die hart van die probleem lê die feit dat dit nodig is dat iemand hulle weer in die grondwaarhede (NAV), of die eerste beginsels (OAV), van die woord van God moet onderrig. Die woord wat hier vertaal word met “woord” of “woorde”, word in Hand 7:38 in Stefanus se toespraak gebruik om te verwys na die woorde wat God destyds by Sinai aan die volk gerig het, of in Rom 3:2 om te verwys na God se woorde wat in die Ou Testament aan die Jode toevertrou was. Hierdie verwysings laat mens dink dat dit spesifiek verwys God se woord in die Ou Testament, maar in 1 Pet 4 word dit meer algemeen gebruik om te verwys na iemand wat preek – sy woorde moet soos die woorde van God wees. Dit is dus nie duidelik of ons eksklusief moet dink net aan God se woord in die Ou Testament nie – waarskynlik moet ons wyer dink aan al God se woorde. Die punt is egter dat dit nodig is om die lesers weer in die grondwaarhede of die eerste beginsels van God se woord te onderrig.

Wat is die grondwaarhede van die Woord van God?

Die punt is dus dat daar sekere grondwaarhede is in God se woord. Hierdie grondwaarhede vorm as't ware die basis of die fondasie. Die res van God se woorde bou dan op hierdie grondwaarhede.

Vergelyk dit met Heb 6:1. Hier maak die skrywer dieselfde onderskeid in God se woorde aan ons: enersyds is daar “die eerste dinge aangaande Christus”, en andersyds is daar “die volle inhoud van die boodskap”. In die tweede gedeelte van die vers noem hy spesifiek “die eerste dinge aangaande Christus” die “fondament” – en duidelik bou die volle inhoud van die boodskap verder op hierdie fondament, of eerste dinge.

Kan ek, voordat ons verder besin oor wat hierdie grondwaarhede is wat die fondament vorm, jou ook net herinner aan wie die skrywer skryf: Hy skryf aan Christen gelowiges uit die Jodedom. Hulle is alreeds geruime tyd gelowiges, soos wat blyk uit Heb 5:12 – die skrywer het verwag dat hulle alreeds self onderrig moes gee omrede hulle alreeds geruime tyd gelowiges was. In Heb 10:32 lees ons dat hulle alreeds lyding beleef het sedert hulle tot geloof gekom het, maar hulle het in die lyding staande gebly. Ongelukkig blyk dit uit Heb 10:35 dat hulle nou wel op die punt stand om hulle geloof prys te gee – dit is juis hoekom hy aan hulle skryf: hy wil hulle aanmoedig om te volhard in die geloof. En soos wat ons nou al herhaalde male gesien het, is die doel van die skrywer juis om vir hulle te wys die Christelike geloof staan uit bo die Joodse geloof – en die manier waarop hy dit doen is deur die Ou Testament (d.w.s. die boek wat ook die basis van die Joodse geloof vorm) te neem, en dan te wys dat dit vervul is in Christus.

Kom ons dink nou weer: Waar vind ons die grondwaarhede van die Christelike geloof? Waar is die fondament waarop die Christelike geloof gebou word? Is die voorbereidingswerk nie juis in die Ou Testament nie? Dit is tog in die Ou Testament dat ons lees van die sondeval – dit is tog die rede hoekom daar behoefte is aan die Messias, aan die Christus. Dit is tog in die Ou Testament dat Sy koms herhaaldelik aangekondig word – dit begin in Gen 3, maar word telkens herhaal deur die loop van die Ou Testament. Dit is tog in die Ou Testament wat ons gekonfronteer word met simbole en tipes wat vooruit gewys het na die Seun – dink maar net aan Moses en Aäron as tipes van die Seun wat die Apostel en die Hoëpriester is van die geloof wat ons bely. Ons sou dus hierdie Ou Testamentiese beskrywings kon beskryf as “die eerste dinge aangaande Christus”. Daarna kom die Nuwe Testament en bou voort op hierdie fondament en uit die Nuwe Testament word die volle inhoud van die boodskap duidelik. Uit hierdie redenasie sou ons dan die gevolgtrekking kan maak dat ons die grondwaarhede in die Ou Testament vind – en daar is sekere kommentatore wat dit so interpreteer, onder andere AW Pink en Edgar Andrews.

Daar is egter ander kommentatore wat eerder dink dat die grondwaarhede die grondwaarhede is van die Christelike geloof soos wat dit uit die Nuwe Testament na vore kom – Stuart Olyott ondersteun hierdie siening. Persoonlik dink ek altwee standpunte het ‘n punt, en miskien is dit nie so belangrik om te besluit op die een ten koste van die ander een nie. Die punt is dat daar sekere leerstellings is wat meer fundamenteel is as ander. Omdat hierdie leerstellings so fundamenteel is, kom hulle tipies al in die Ou Testament voor, maar hulle ware en volle betekenis word eers in die Nuwe Testament duidelik. Netso is daar ander leerstellings wat meer gevorderd is – byvoorbeeld die leerstelling dat die Seun Hoëpriester is volgens die priesterorde van Melgisedek. Alhoewel dit so is dat die betekenis hiervan eers in die Nuwe Testament duidelik word – is die basis hiervoor ook al in die Ou Testament gelê, soos wat ons sal sien wanneer ons na Heb 7 kyk.

Boonop is dit so dat Heb 6:1b-2 vir ons ses elemente gee wat deel vorm van die fondament of die grondwaarhede. En ek glo wanneer ons na die detail kyk, sal dit duidelik wees al hierdie elemente het ‘n Ou Testamentiese sowel as ‘n Nuwe Testamentiese perspektief. Ons kan die ses elemente in drie groepe van twee deel. Kom ons kyk hierna:

Die eerste twee elemente is: bekering uit ‘n leefwyse wat tot die dood lei (NAV – letterlik: bekering uit dooie werke (OAV)), en geloof in God. Natuurlik is dit so dat bekering en geloof deel vorm van die

fondament of grondwaarhede van die Christelike geloof. Bekering is essensieel – niemand kan waarlik ‘n Christen wees sonder bekering nie. Soos wat bekering ‘n wegdraai is van ‘n lewe in sonde, is dit terselfdertyd ook ‘n draai na God toe, en daarmee saam gryp die gelowige juis in die geloof vas aan die Seun. Die gelowige erken dus sy sondeskuld, bekeer hom daarvan en gryp in die geloof vas aan die Seun. Hierdie twee elemente beskryf dus die verhouding tussen die gelowige en God. Beide die noodsaak aan bekering asook geloof word reeds in die Ou Testament duidelik. Wat wel waar is, is dat dit in die Nuwe Testament baie duidelik word dat dit juis geloof in die Seun is op grond van die Sy Hoëpriesterlike werk wat versoening tussen die gelowige en God laat realiseer – maar die basis hiervoor was ook al reeds in die Ou Testament gelê.

Die tweede groep elemente van die fondament is die leer van die dope en die handoplegging. Hierdie twee het al heelwat debat ontketen. Kom ons begin met die leer van die dope – let op, die oorspronklike verwys spesifiek na die meervoud: dope. Die vraag is van watter dope word gepraat? Baie is oortuig dit verwys na die dooppraktyke wat in die Nuwe Testament na vore kom. En daar word geredeneer dat die meervoud gebruik word om te verwys na die verskillende Nuwe Testamentiese dooppraktyke – daar is die waterdoop (bv Mat 28:19), daar is die doop met die Heilige Gees (Hand 1:5) en dan is daar ook nog die doop van Johannes. Ander is weer oortuig dat “dope” verwys na die Ou Testamentiese wassing. Dink byvoorbeeld aan die priesters wat hulle in die waskom moes was (Eks 30:18), of die reinigingsvoorskrifte vir iemand wat onrein was wat dikwels ingesluit het dat die persoon hom moes was (Num 19:19), of aan die oorgelewerde gebruike waarvolgens koppies, bekere, bakke en stoele gewas moes word (Mark 7:4-5). Watter wassing of doop moet ons nou in gedagte hê? Wel, beide die Ou Testamentiese wassing sowel as die Nuwe Testamentiese doop, sowel as die doop met die Heilige Gees wys tog almal op die noodsaak om gewas te word – ek wil dus redeneer ons moet die noodsaak om gewas te word sien as die grondwaarheid. Die handoplegging het ook al baie debat ontketen. Daar word dikwels verwys na Nuwe Testamentiese geleenthede waar hande opgelê is: byvoorbeeld die apostels wat gelowiges die hande opgelê het en so het hulle die Heilige Gees ontvang (Hand 8:17) (let egter ook op daar is ander gevalle waar nie spesifiek gepraat word van handoplegging nie – bv Hand 16:33), of Jesus wat die kindertjies die hande opgelê het (Mat 19:15), of siekes wat die hande opgelê is (Mark 16:18), of die sewe diakens en selfs Timoteus wat die hande opgelê is toe hulle hulle ampte opgeneem het (Hand 6:6, 1 Tim 4:14). In die Ou Testament is die bekendste voorbeeld van handoplegging sekerlik Aäron wat op die groot versoendag as hoëpriester sy hande op die kop van die sondebok moes lê en sodoende is die sonde van die volk op die bok oorgedra, en daarna is die bok die woestyn ingejaag (Lev 16:21). In al hierdie gevalle van handoplegging vind daar egter een of ander oordrag plaas: of die Heilige Gees word oorgedra, of seën word oorgedra, of verantwoordelikheid in ‘n besondere aanstelling, of sonde word op die sondebok oorgedra. Oordrag of toerekening is tog ‘n grondwaarheid van die Christelike geloof, en ek wil dus redeneer dit is die waarheid wat ons moet raaksien.

Die laaste groep van twee elemente van die grondwaarhede is die opstanding van die dooies en die ewige oordeel. Dit is sekerlik so dat die verwagting van opstanding uit die dood reeds in die Ou Testament teenwoordig was, maar dit is in die Nuwe Testament dat dit duidelik word dat gelowiges saam met Christus sal opstaan tot ‘n ewige lewe saam met Hom, en dat ongelowiges ook gaan opstaan, maar met die doel om die ewige dood in te gaan. God se oordeel is ook reeds in die Ou Testament duidelik – dink maar aan Sy oordeel na die sondeval, of die sondvloed of die ballingskap. Dit is egter in die Nuwe Testament dat ons baie meer detail leer oor Sy oordeel deur die Seun.

Kan ek opsom: Ek wil dus die gevolgtrekking maak dat die grondwaarhede van die Christelike geloof wat ons in gedagte moet hou, die volgende is: die noodsaak aan bekering, die noodsaak van geloof

in die Seun, die noodsaak daaraan om gewas te word, die noodsaak dat ons sonde oorgedra / toegereken word aan die Seun, en dat Sy geregtigheid aan ons oorgedra moet word, die heerlike verwagting van opstanding uit die dood en die ewige lewe, asook die verwagting van God se oordeel. Al hierdie waarhede kom reeds in die Ou Testament voor, maar word duideliker in die Nuwe Testament.

Argument van die skrywer

Kom ons gaan nou terug na Heb 5:11, en volg die argument van die skrywer. Volgens vers 11 is dit moeilik om aan hulle die Hoëpriesterskap volgens die orde van Melgisedek te verduidelik, want hulle is traag om te leer. In vers 12 verduidelik die skrywer die realiteit is dat dit nodig is dat iemand hulle opnuut weer die grondwaarhede van God se woorde moet leer – dit is daardie grondwaarhede waarby ons nou in detail stilgestaan het. Let op – hulle moet weer geleer word. Hulle was dit alreeds in die verlede geleer, en soos ons vroeër gesien het, was daar 'n tyd toe hulle selfs in lyding vas gestaan het in die geloof – hulle moes dit dus op daardie stadium behoorlik verstaan het. Maar nou het hulle selfs die grondwaarhede verloor. En die rede waarom dit gebeur het is omdat hulle traag was om te leer. Ek hoop dit is duidelik: hulle traagheid om te leer het nie maar net tot gevolg gehad dat hulle nie verder gegroei het nie, nee dit het die gevolg gehad dat daardie insig wat hulle gehad het, verlore gegaan het. Vers 12 maak dit ook duidelik die verwagting was dat die Hebreërs teen hierdie tyd al ander sou leer – maar a.g.v. hulle traagheid om te leer kan hulle nou nie ander leer nie, nee hulle moet geleer word, hulle moet weer geleer word dit wat hulle al in die verlede geleer is. Sien jy die kumulatiewe effek van hulle traagheid om te leer: In die eerste plek was die gevolg hulle het nie gegroei nie. In die tweede plek het die kennis wat hulle gehad het, verdwyn. In die derde plek, hulle kan nou nie ander leer nie. In die vierde plek, hulle moet weer dieselfde grondwaarhede geleer word. In die vyfde plek, die persoon wat hulle nou weer moet leer, kan nou nie iemand anders gaan leer nie.

Maar steeds is dit nie die einde nie. Vers 13 voeg hierby dat die feit dat hulle weer met melk gevoed moet word, die implikasie het dat hulle nie kan saampraat oor wat reg en verkeerd is nie (NAV), of soos die OAV dit stel: hulle is onervare in die woord van geregtigheid. Geregtigheid lê tog aan die hart van die Christelike geloof: dit is behoefte aan geregtigheid wat mense by bekering bring, hulle verkry geregtigheid deur geloof in die Hoëpriester wat geregtigheid kom bewerk het, hulle word gewas van hulle ongeregtigheid, geregtigheid word vir hulle toegereken, en omdat hulle nou geregtigheid ontvang het, kan hulle uitsien na die opstanding uit die dood, en hulle hoef nie God se oordeel te vrees nie. Maar alhoewel hulle dit alles verstaan het, het hulle dit nou verloor – hulle is opnuut weer onervare hierin. Vers 14 gaan nog verder en sê omdat hulle hulle nie geoefen het deur voortdurend te leer nie, het hulle nou nie insig nie, en hulle kan nie meer tussen goed en kwaad onderskei nie – en dit is dus geen wonder nie dat hulle oorweeg om weer terug te gaan na die Joodse geloof nie. Ons kan dus nog twee gevolge voeg by die vyf wat ons vroeër genoem het: In die sesde plek is hulle onervare in geregtigheid, en in die sewende plek het hulle geen insig om te onderskei tussen goed en kwaad nie.

In Heb 6:1 sê die skrywer hy beplan egter nie om net by die grondwaarhede te bly en dit weer vir hulle te leer nie, nee, hy wil voortgaan om die volle inhoud van God se boodskap aan hulle te verduidelik. Uit vers 9 blyk dit dat die skrywer tog nog oortuig was dat sy lesers gered sal word, en miskien was sy vertrouwe dat as hy die konsekwensies van hulle traagheid uitwys, dat hulle sal wakker skrik en opgewonde sal raak as hy aan hulle die volle inhoud van God se boodskap verkondig. Natuurlik verstaan ons dat selfs ons beste begrip in hierdie lewe, nie ten volle God se boodskap kan verstaan nie – immers ons kyk nog deur 'n spieël in 'n raaisel. Maar ons kan met die nodige

inspanning sekerlik meer verstaan as net die grondwaarhede. En dit is waarna die skrywer wil strewes volgens Heb 6:3.

Toepassings

Kom ons dink oor die implikasies hiervan vir ons:

1. Is jy traag om te leer? Dit is 'n belangrike vraag. Leer jy hoegenaamd? Hoe kan jy weet of jy leer? Wel, toets jouself. Kyk hoe weeg jou kennis op teen die grondwaarhede waarvan ons nou geleer het: Weet jy wat bekering is? Weet jy wat geloof is? Kan jy oor die Nuwe Testamentiese doop onderhoudend redeneer? Verstaan jy die wassing van die Ou Testament? Verstaan jy die handopleggings van die Ou en Nuwe Testament? Waar gebruik ons dit nog? Hoekom? Waar nie? Hoekom nie? Verstaan jy die opstanding uit die dood en wat ons dan kan verwag? Verstaan jy God se oordeel – veral die oordeel aan die einde van die tyd? As jy positief op al hierdie vrae geantwoord het, beteken dit net jy verstaan die grondwaarhede. As sommige van hierdie vrae jou gepootjie het, is jy nog op melk, en as jy alreeds vir geruime tyd 'n gelowige is, is jy waarskynlik traag om te leer.
2. Hoe leer jy? 'n Belangrike geleentheid om te leer is wanneer ons na preke luister in die gemeente. Hoe lyk die preke in jou gemeente? Leer jy daar? Ons leef ongelukkig in 'n tyd waar ons krities moet wees oor preke wat gepreek word – baie is oppervlakkig, baie is nie gemik op uitleg van die Woord nie, baie is so kort geen behoorlike lering kan plaasvind nie. Ja, daar is ook steeds deeglike Woord gebaseerde prediking – maak seker jy word daaraan blootgestel. Maar om net een of twee maal per week na prediking te luister is nie voldoende nie. Soos Heb 5:14 sê: oefening is nodig. Oefening beteken aktiewe inspanning – nie net luister wanneer ander lering gee nie. Neem jy deel aan in diepte Bybelstudies? Het jy al 'n kursus gedoen om te groei in kennis? Hoe lyk jou eie persoonlike Bybelstudie – is dit deeglike in diepte studie, of net 'n oppervlakkige lees van 'n Bybelgedeelte? Het jy jou al ooit begewe in 'n in diepte studie oor 'n spesifieke onderwerp? Wat was die uitkoms – het jy gegroei in kennis? Nog 'n belangrike vraag is: Wat is jou gesindheid wanneer jy leer of geleer word? Is jy traag? Is dit net moeite? Of is jy opgewonde en entoesiasies? Wanneer laas was jy so opgewonde oor nuwe kennis wat jy bekom het dat jy net eenvoudig nie anders kon as om dit vir iemand te gaan vertel nie?
3. Leer jy ander mense? Ja, dit is sekerlik so dat wanneer ons pas tot geloof gekom het, is die fokus om te leer, en veral om van ander te leer. Maar soos wat ons groei, behoort daar 'n skuif plaas te vind: eerstens moet daar 'n skuif plaasvind sodat jy nie net meer van ander leer nie, maar dat eie persoonlike studies ook 'n belangrike rol begin speel. En dan met verloop van tyd moet jy selfs begin om ander te leer. Is dit waar van jou? Miskien wil jy redeneer maar het alle gelowiges werklik die verantwoordelikheid om te leer? Is dit nie so dat slegs sommige die gawes en die roeping ontvang het om te leer nie. Ja, dit is sekerlik so – nie almal is geroep as leraars nie. Maar, dink aan die volgende:
 - In 1 Tim 3:2 leer ons 'n ouderling is iemand wat bekwaam is om onderrig te kan gee. Is jy 'n ouderling? Leer jy ander? Studeer jy ywerig, doelbewus en met opgewondenheid sodat jy kan leer? En leer jy dan ander?
 - In Deut 6:7 leer ons dat ouers die geboorte moet inskerp by hulle kinders en met hulle daarvoor moet praat as hulle by die huis is, as hulle op pad is, as hulle gaan slaap en as hulle opstaan. Is jy 'n ouer? Doen jy dit? Studeer jy ywerig om jou kinders te leer. En leer jy hulle dan?

- In Titus 2:3-4 leer ons dat die ouer vrouens die jonger vrouens moet kan leer en goeie raad kan gee. Is jy 'n ouer vrou? Doen jy dit? Studeer jy ywerig om jou jonger susters te leer? En leer jy hulle?
 - In 2 Tim 2:2 word Timoteus opgeroep dat hy wat hy van Paulus geleer het, moet toevertrou aan betroubare manne wat bekwaam sal wees om dit weer aan ander te gaan leer. Is jy een van daardie betroubare manne wat al geleer is om ander weer te gaan leer? Het jy toe met ywer geleer, of met traagheid? En het jy toe vir ander gaan leer?
4. Hoekom word hier soveel klem geplaas op groei in kennis? Is baie kennis dan 'n voorwaarde vir 'n gelowige? Nee, nie noodwendig nie – dink maar weer aan die misdadiger aan die kruis, hy het waarskynlik beperkte kennis gehad, maar is tog gered. Die punt is egter die volgende:
- Jy het kennis van die grondwaarhede nodig om te kan glo – andersins wat glo jy?
 - As jy nie groei in kennis nie, bly jy nie maar in die geloof waar jy is nie, nee, jy verloor selfs die kennis wat jy gehad het – jy beweeg agteruit. Die rede hiervoor is jou sondige natuur.
 - Die gevolg is iemand moet jou nou weer dieselfde grondwaarhede leer – dit is oneffektief en neem die tyd van daardie persoon in beslag.
 - Die gevolg is jy bly onervare in geregtigheid, en jy ontwikkel nooit onderskeidingsvermoë tussen goed en kwaad nie. So, jy sal geneig wees om in sonde te val uit onkunde. Nou moet iemand kom en jou reghelp sodat jy jou kan bekeer.
 - Die gevolg is ook dat jy nooit jou verantwoordelikheid opneem om ander te leer nie, want jy het nie die kennis nie. Gevolglik vind minder lering plaas, of iemand anders moet dit in jou plek doen. Die punt is: die koninkryk lei skade.
 - As jy traag is om meer te leer as die grondwaarhede, plaas dit 'n vraagteken agter jou geloof: As jy werklik oortuig is jy was dood in jou sonde, as jy werklik glo in die Seun as die Bewerker van jou saligheid, as jy werklik gedoop is met die Heilige Gees, as jy werklik oortuig is geregtigheid is aan jou toegereken, as jy werklik oortuig is dat God gaan oordeel en dat jy die ewige lewe sal beërf, sal jy traag wees om met opgewondenheid meer te leer van God en Sy werk? As dit so is dat die Heilige Gees deur die Woord werk, sal jy dan traag wees om in die Woord te werk?
 - Ywerige studie van God se openbaring aan ons wat tot gevolg het dat jy al hoe meer insig ontwikkel in die Here en Sy werk, gaan sekerlik jou geloof voed sodat jy met nog groter oortuiging aan Hom vasgryp in die geloof.

Mag die Here ons begenadig sodat ons ywerig sal wees om te leer en met groot vreugde vervul word soos wat ons meer leer. Mag ons dan ook met groot opgewondenheid ander gaan leer – sodat God se koninkryk sal groei.